



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

BELEGGINGS IN GEASSOSIEERDES

(AERP 7)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Accounting for Investments in Associates* wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants' International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Accounting for Investments in Associates* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gesetel in die IFAC en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Hierdie Standaard het ook geput uit die International Accounting Standards (IASs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board (IASB). Die goedgekeurde teks van die IAS is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is. Eksemplare kan verkry word van:

IASB Publications Department

7th floor, 166 Fleet Street

London EC4A 2DY

United Kingdom

Internet: <http://www.iasb.org.uk>

Kopiereg vir IAS'e, vertolkings, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is gesetel in die International Accounting Standards Committee Foundation (IASCF) en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins versend, gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Beleggings in Geassosieerdes

	Paragrafe
Inleiding	
Doelstelling	.01 - .02
Bestek	.03 - .05
Woordomsrywings	.06 - .20
Beduidende beheer	.10 - .16
Ekwiteitsmetode	.17 - .20
Toepassing van die ekwiteitsmetode	.21 - .40
Waardedalingsverliese	.36 - .40
Afsonderlike finansiële state	.41 - .42
Openbaarmaking	.43 - .48
Oorgangsbepalings	.49 - .50
Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP	.49
Wysigings aan Standaarde van AERP	.50
Inwerkingtredingsdatum	.51 - .52
Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP	.51
Enteite wat alreeds Standaarde van AERP toepas	.52
Herroeping van ander uitsprake	.53
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Accounting for Investments in Associates</i> (Mei 2000)	

BELEGGINGS IN GEASSOSIEERDES

Hierdie Standaard is oorspronklik in November 2005 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende wysigings:

- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
 - AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in Maart 2012
- Gevolglike wysigings van die hersiening van AERP 100 *Beëindigde Bedrywighede* in 2013
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in November 2013
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Afskrif waarin die wysigings aangedui is wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 7 aangebring is en die gevolglike wysigings aan AERP 105, 106 en 107 is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaard van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) wat deur die *International Accounting Standards Board* uitgegee is, goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaard van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaard van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaard of Vertolkings word in daardie Standaard of Vertolkings van die Standaard van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes* word in paragraaf .01 tot .53 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaard van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaard van AERP en Vertolkings van die Standaard van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik word en wat oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is betreffende die datums van inwerkingtrede van die Standaard van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf 11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleid, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Doelstelling

- .01 Hierdie Standaard skryf die rekeningkundige behandeling voor van beleggings in geassosieerdes waar die belegging in die geassosieerde lei tot die hou van 'n eienaarsbelang in die vorm van 'n aandeelhouding of ander formele nettobatestruktuur. Hierdie Standaard vereis oor die algemeen dat beleggings in geassosieerdes deur middel van die ekwiteitsmetode in die gekonsolideerde finansiële state van die belegger in rekening gebring word slegs indien 'n belegger genoegsame invloed het om aan die finansiële en bedryfsbeleid van die geassosieerde deel te neem.
- .02 Die doel met hierdie Standaard is om die omstandighede voor te skryf waarin beleggers die ekwiteitsmetode behoort te gebruik asook die manier waarop die ekwiteitsmetode toegepas moet word, en dit vereis sekere openbaarmakings ten opsigte van beleggings in geassosieerdes.

Bestek

- .03 *'n Entiteit wat finansiële state onder die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die in rekening bring deur 'n belegger van beleggings in geassosieerdes waar die belegging in die geassosieerde lei tot die hou van 'n eienaarsbelang in die vorm van 'n aandeelhouding of ander formele nettobatestruktuur. Dit is egter nie van toepassing nie op beleggings in geassosieerdes wat gehou word deur:*
- (a) waagkapitaalorganisasies, of*
 - (b) onderlinge fondse, effektrusts en vergelykbare entiteite, met inbegrip van beleggingsgekoppelde versekeringsfondse*

wat by aanvanklike erkenning deur oorskot of tekort aangedui is as teen billike waarde of wat geklassifiseer is as gehou vir verhandeling en in rekening gebring in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente. Sodanige beleggings moet teen billike waarde gemeet word in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente, met veranderinge in billike waarde wat in oorskot of tekort in die tydperk van verandering erken word.

- .04 Hierdie Standaard verskaf die grondslag vir die in rekening bring van eienaarsbelange in geassosieerdes. Dit wil sê, die belegging in die ander entiteit dra aan die belegger die risiko's en vergoeding oor wat gepaard gaan met 'n eienaarsbelang. Die Standaard is slegs van toepassing op beleggings in die formele nettobatestruktuur (of die ekwivalent daarvan) van 'n beleggingnemer. 'n Formele nettobatestruktuur beteken aandeelkapitaal of 'n ekwivalente vorm van eenhedeverdeelde kapitaal, soos eenhede in 'n eiendomstrust, maar kan ook ander nettobatestrukture insluit waarin die belegger se belang betroubaar gemeet kan word. Waar die ekwiteitstruktuur swak omskryf is, is dit dalk nie moontlik om 'n betroubare meting van die eienaarsbelang te verkry nie.

- .05 Sommige van die bydraes wat entiteite maak, kan 'n "belegging" genoem word, maar lei waarskynlik nie tot 'n eienaarsbelang nie. 'n Entiteit kan byvoorbeeld 'n aansienlike belegging maak in die ontwikkeling van 'n hospitaal wat deur 'n organisasie sonder winsoogmerk besit en bedryf word. Terwyl sulke bydraes niewederkerig van aard is, stel hulle die entiteit in staat om deel te neem aan die bedryf van die hospitaal, en die organisasie sonder winsoogmerk is teenoor die entiteit vir die gebruik van openbare geld aanspreeklik. Die bydraes wat deur die entiteit gemaak word, maak nie 'n eienaarsbelang uit nie, aangesien die organisasie sonder winsoogmerk alternatiewe befondsing sou kon soek en die entiteit daardeur sou kon verhoed om aan die funksionering van die hospitaal deel te neem. Gevolglik is die entiteit nie aan die risiko's blootgestel nie en geniet ook nie die voordele wat met 'n eienaarsbelang gepaard gaan nie.

Woordomsrywings

- .06 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*

Rekeningkundige beleide is die spesifieke beginsels, grondslae, gebruike, reëls en praktyke wat deur 'n entiteit in die opstel en aanbieding van finansiële state toegepas word..

Toevallingsgrondslag beteken 'n grondslag van rekeningkunde waarvolgens transaksies, ander gebeure en toestande erken word wanneer dit voorkom (en nie slegs wanneer kontant of die ekwivalent daarvan ontvang of betaal word nie). Die transaksies, ander gebeure of toestande word dus in die rekeningkundige rekords geboekstaaf en erken in die finansiële state van die tydperke waarop hulle van toepassing is. Die elemente wat onder toevallingsrekeningkunde erken word, is bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes.

Bates is wat deur 'n entiteit as gevolg van gebeure in die verlede beheer word en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei.

Geassosieerde is 'n entiteit waarin die belegger beduidende invloed het en wat nóg 'n beheerde entiteit nóg 'n gesamentlike onderneming van die belegger is.

Gekonsolideerde finansiële state is die finansiële state van 'n ekonomiese entiteit wat as dié van 'n enkele entiteit aangebied word.

Bydraes van eienaars beteken ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat bygedra is tot die entiteit deur partye buite die entiteit, buiten dié wat laste van die entiteit tot gevolg het, wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit vestig, en wat::

- (a) *geregtigdheid* beteken op sowel uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd, welke uitkerings na die goeddunke van die eienaars of hul verteenwoordigers is, as op uitkerings van enige oorskot van bates bo laste in die geval waar die entiteit gelikwideer word; en/of

(b) verkoop, verruil, oorgedra of afgelos kan word.

Beheer is die vermoë om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die aktiwiteite daarvan te trek.

Beheerde entiteit is 'n entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, wat deur 'n ander entiteit (bekend as die beherende entiteit) beheer word.

Beherende entiteit is 'n entiteit wat een of meer beheerde entiteite het.

Kosprysmetode is 'n metode wat gevolg word om statutêre debiteure te verreken wat vereis dat sodanige debiteure teen hul transaksiebedrag gemeet word, plus enige opgeloopte rente of ander koste (indien toepaslik), en minus enige opgehoopte waardedalingsverliese en enige bedrae wat ontken is.

Uitkerings aan eienaars beteken ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur die entiteit aan al of sommige van sy eienaars uitgekeer word, hetsy as 'n opbrengs op belegging of as 'n terugbetaling van 'n belegging.

Ekonomiese entiteit beteken 'n groep entiteite wat 'n beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite behels.

Ekwiteitsmetode is 'n metode van rekeningkunde waardeur 'n belegging aanvanklik teen kosprys erken word en daarna vir die naverkrygingsverandering in die belegger se deel van netto bates van die beleggingnemer aangesuiwer word. Die surplus of tekort van die belegger sluit die belegger se deel van die surplus of tekort van die beleggingnemer in.

Uitgawes is afnames in ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk in die vorm van uitvloei of verbruik van bates of oploping van laste wat verminderings in netto bates tot gevolg het, buiten dié met betrekking tot uitkerings aan eienaars.

Billike waarde is bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.

Staatsakeonderneming is 'n entiteit wat, ingevolge die WOFB soos gewysig:

- (a) 'n regspersoon onder die eienaarsbeheer van die nasionale/provinsiale uitvoerende bestuur is;
- (b) met die finansiële en bedryfsbevoegdheid bekleed is om 'n sakeaktiwiteit te bedryf;
- (c) as sy hoofbesigheid goedere of dienste ooreenkomstig gewone sakebeginsels voorsien; en
- (d) ten volle of of wesenlik gefinansier word uit bronne buiten –
 - (i) die Nasionale of Provinsiale Inkomstefonds; of
 - (ii) by wyse van 'n belasting, heffing of ander statutêre geld.

Belegger in 'n gesamentlike onderneming is 'n party by 'n gesamentlike onderneming wat nie gesamentlike beheer oor daardie gesamentlike onderneming het nie

Gesamentlike beheer is die ooreengekome deling van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende reëling wat slegs bestaan indien die strategiese finansiële en bedryfsbesluite met betrekking tot die aktiwiteit die eenparige instemming vereis van die partye wat beheer deel (die ondernemers).

Gesamentlike onderneming is 'n bindende reëling waardeur twee of meer partye daartoe verbind word om 'n aktiwiteit te onderneem wat aan gesamentlike beheer onderhewig is.

Verpligtinge is huidige verpligtinge van die entiteit voortspruitend uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloeï uit die entiteit tot gevolg sal hê van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels

Bestuur bestaan uit daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

Netto bates is die oorblywende belang in die bates van die entiteit ná aftrekking van al sy laste.

Verslagdoeningsdatum beteken die datum van die laaste dag van die verslagdoeningstydperk waarop die finansiële state betrekking het.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, buiten wat met bydraes van eienaars verband hou.

Afsonderlike finansiële state is dié wat deur 'n beherende entiteit, 'n belegger in 'n geassosieerde of 'n ondernemer in 'n gesamentlik beheerde entiteit aangebied word, waarin die beleggings in rekening gebring word op die grondslag van die regstreekse netto baterente eerder as op die grondslag van die gerapporteerde resultate en netto bates van die beleggingnemers.

Beduidende beheer is die vermoë om aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van 'n aktiwiteit deel te neem, maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor daardie beleide nie.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde bedoeling as in daardie ander Standaarde.

- .07 Finansiële state waarin die ekwiteitsmetode toegepas word, is nie afsonderlike finansiële state nie, en so ook nie die finansiële state van 'n entiteit wat nie 'n beheerde entiteit, geassosieerde of ondernemersbelang in 'n gesamentlike onderneming het nie.
- .08 Afsonderlike finansiële state is daardie state wat aangebied word bykomend tot gekonsolideerde finansiële state, finansiële state waarin beleggings in rekening gebring word met gebruik van die ekwiteitsmetode en finansiële state waarin ondernemers se belange in gesamentlike ondernemings proporsioneel

gekonsolideer is. Afsonderlike finansiële state kan (of kan nie) by daardie finansiële state aangeheg word of dit vergesel (nie).

.09 Entiteite wat:

- vrygestel is van konsolidasie ooreenkomstig paragraaf .15 van die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*;
- vrygestel is van die toepassing van proporsionele konsolidasie ooreenkomstig paragraaf .06 van die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings*; of
- vrygestel is van die toepassing van die ekwiteitsmetode ooreenkomstig paragraaf .21(b) van hierdie Standaard;

kan afsonderlike finansiële state as hul enigste finansiële state aanbied.

Beduidende beheer

- .10 As 'n belegger regstreeks of onregstreeks (bv. deur beheerde entiteite) 20 persent of meer hou van die stembevoegdheid van die beleggingnemer, word daar aanvaar dat die belegger oor beduidende beheer beskik, tensy daar duidelik aangetoon kan word dat dit nie die geval is nie. Omgekeerd, indien die belegger regstreeks of onregstreeks (bv. deur beheerde entiteite) oor minder as 20 persent van die stembevoegdheid van die beleggingnemer beskik, word daar aanvaar dat die belegger nie oor beduidende beheer beskik nie, tensy sodanige beheer duidelik aangetoon kan word. 'n Wesenlike of meerderheidsbesit deur 'n ander belegger verhinder 'n belegger nie noodwendig om beduidende beheer te hê nie.
- .11 Die vraag of 'n belegger beduidende beheer oor die beleggingnemer het, is 'n kwessie van oordeel gegrond op die aard van die verhouding tussen die belegger en die beleggingnemer, en op die omskrywing van beduidende beheer in hierdie Standaard. Hierdie Standaard is slegs van toepassing op daardie geassosieerdes waarin 'n entiteit 'n eienaarsbelang het.
- .12 Die bestaan van beduidende beheer deur 'n belegger blyk gewoonlik uit een of meer van die volgende:
- (a) verteenwoordiging in die direksie of gelykwaardige beheerliggaam van die beleggingnemer;
 - (b) deelname aan beleidmakingsprosesse;
 - (c) wesenlike transaksies tussen die belegger en die beleggingnemer;
 - (d) uitruiling van bestuurspersoneel;
 - (e) verskaffing van noodsaaklike tegniese inligting; en/of
 - (f) betrokkenheid van die belegger by besluite oor strategiese aangeleenthede soos die uitbreiding of inkrimping van die besigheid, deelname aan ander entiteite, produkte, markte en aktiwiteite, en vasstelling van die balans tussen dividend en herbelegging.

- .13 'n Entiteit kan aandeelbewyse, aandeelkoopopsies, skuld- of ekwiteitsinstrumente besit wat omskepbaar is in gewone aandele, of ander vergelykbare instrumente wat die potensiaal het, indien dit uitgeoefen of omskep word, om die entiteit bykomende stembevoegdheid te gee of 'n ander party se stembevoegdheid oor die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit te verminder (d.w.s. potensiele stemreg). Die bestaan en die uitwerking van potensiele stemreg wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, met inbegrip van potensiele stemreg wat deur ander entiteite gehou word, word oorweeg wanneer bepaal word of 'n entiteit beduidende beheer het al dan nie. Potensiele stemreg is nie tans uitoefenbaar of omskepbaar indien dit byvoorbeeld nie uitgeoefen kan word op of uitgestel kan word tot 'n latere datum of die plaasvind van 'n toekomstige gebeurtenis nie.
- .14 By bepaling of potensiele stemreg bydra tot beduidende beheer al dan nie, ondersoek die entiteit al die feite en omstandighede (met inbegrip van die bepalings van die uitoefening van die potensiele stemreg en enige ander reëlins, hetsy individueel oorweeg of gesamentlik) wat potensiele stemreg raak, behalwe die bedoeling van die bestuur en die finansiële vermoë om uit te oefen of te omskep.
- .15 'n Entiteit verloor beduidende beheer oor 'n beleggingnemer wanneer dit die bevoegdheid verloor om aan die finansiële en bedryfsbeleidsbesluite van daardie beleggingnemer deel te neem. Die verlies aan beduidende beheer kan voorkom met of sonder 'n verandering in absolute of relatiewe vlakke van eienaarskap. Dit sou byvoorbeeld kon plaasvind wanneer 'n geassosieerde onderhewig word aan die beheer van 'n regering, hof, administrateur of reguleerder. Dit sou ook kon geskied op grond van 'n ooreenkoms.
- .16 Die volgende faktore kan daarop dui dat 'n belegger nie in staat mag wees om beduidende beheer uit te oefen oor die bedryfs- en finansiële beleide van 'n beleggingnemer nie:
- (a) Teenkanting deur die beleggingnemer in die vorm van gedingvoering of klagtes by staatsreguleringsowerhede kan die belegger se vermoë om beduidende beheer uit te oefen, aan bande lê.
 - (b) Die belegger en die beleggingnemer onderteken 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die belegger as aandeelhouer beduidende regte afstaan.
 - (c) Meerderheidsbesit van die beleggingnemer is gesentreer onder 'n klein groepie aandeelhouders wat die beleggingnemer bedryf sonder inagneming van die sieninge van die belegger.
 - (d) Die belegger benodig of verlang meer finansiële inligting om die ekwiteitsmetode te kan toepas as wat vir die beleggingnemer se ander aandeelhouders beskikbaar is (die belegger wil byvoorbeeld kwartaallikse finansiële inligting van 'n beleggingnemer hê wat slegs jaarliks openbaar verslag doen), probeer daardie inligting bekom, maar slaag nie daarin nie.
 - (e) Die belegger probeer tevergeefs om verteenwoordiging in die beleggingnemer se direksie te bekom.

Ekwiteitsmetode

- .17 Ingevolge die ekwiteitsmetode word die belegging in 'n geassosieerde aanvanklik teen kosprys te boek gestel (met inbegrip van transaksiekoste wat regstreeks aan die verkryging van die belegging toeskryfbaar is) en die drabedrag word verhoog of verlaag om erkenning te verleen aan die belegger se deel of oorskot van die beleggingnemer ná die verkrygingsdatum. Die belegger se deel van die oorskot of tekort van die beleggingnemer word in die belegger se deel of oorskot erken. Uitkerings ontvang van 'n beleggingnemer verminder die drabedrag van die belegging. Aanpassings aan die drabedrag mag ook nodig wees vir veranderinge in die belegger se pro rata-belang in die beleggingnemer wat voortspruit uit veranderinge in die beleggingnemer se netto bates wat nie ingesluit is in die staat van finansiële prestasie nie. Sodanige veranderinge behels dié wat voortspruit uit die herwaardasie van eiendom, aanleg en toerusting en beleggings, asook uit valutaruilmrekeningsverskille. Die belegger se deel van daardie veranderinge word regstreeks in netto bates van die belegger erken.
- .18 Waar daar potensiële stemreg bestaan, word die belegger se gedeeltes van oorskotte of tekorte van die beleggingnemer en van veranderinge in die beleggingnemer se netto bates vasgestel op grond van bestaande eienaarsbelange en weerspieël nie die moontlike uitoefening of omskakeling van potensiële stemreg nie.
- .19 By die toepassing van die ekwiteitsmetode moet die belegger se deel van naverkrygingsoorskotte of -tekorte van die geassosieerde vasgestel word ná aansuiwerings vir:
- (a) uitkerings om houers van netto bates te bevoordeel;
 - (b) hersienings van inkomste en uitgawes voortspruitend uit:
 - (i) korting met verkryging; en/of
 - (ii) verskille tussen die billike waardes van die identifiseerbare bates en laste van die geassosieerde teen die verkrygingsdatum en die drabedrae van bates en laste wat deur die geassosieerde in sy eie finansiële state erken word;
 - (c) verskillende rekeningkundige beleide; en
 - (d) ongerealiseerde oorskotte of tekorte wat voortspruit uit interentiteitstransaksies.
- .20 By die toepassing van die ekwiteitsmetode in die geval van 'n geassosieerde wat 'n beherende entiteit is, moet die belegger se aandeel aan die naverkrygingsbeweging in die netto bates van die geassosieerde gebaseer word op die netto bates wat in die geassosieerde se gekonsolideerde finansiële state erken word.

Toepassing van die ekwiteitsmetode

- .21 'n Belegging in 'n geassosieerde moet in rekening gebring word met gebruik van die ekwiteitsmetode, behalwe wanneer:**

- (a) *die uitsondering in paragraaf .15 van die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State van toepassing is, waarvolgens 'n beheerende entiteit wat ook 'n belegging in 'n geassosieerde het, toegelaat word om nie gekonsolideerde finansiële state aan te bied nie; of*
- (b) *al die volgende omstandighede van toepassing is:*
- (i) *die belegger 'n beheerde entiteit is wat ten volle besit word, of 'n beheerde entiteit is wat gedeeltelik in besit is van 'n ander entiteit en sy ander eienaars, met inbegrip van dié wat nie andersins geregtig is om te stem nie, en in kennis gestel is, en geen beswaar daarteen opper nie, dat die belegger nie die ekwiteitsmetode toepas nie;*
 - (ii) *die belegger se skuld of ekwiteitsinstrumente nie op 'n openbare mark ('n binnelandse of buitelandse aandelebeurs of 'n toonbankmark, met inbegrip van plaaslike en streekmarkte) verhandel word nie;*
 - (iii) *die belegger nie sy finansiële state ingedien het, en ook nie besig is met die indiening daarvan, by 'n sekuriteitekommissie of ander regulerende organisasie met die doel om enige klas van instrumente op 'n openbare mark uit te gee nie; en*
 - (iv) *die uiteindelijke of enige intermediêre beheerende entiteit van die belegger gekonsolideerde finansiële state verskaf wat beskikbaar is vir openbare gebruik en aan Standaarde van AERP voldoen.*
- .22 Die erkenning van inkomste op grond van uitkerings ontvang mag dalk nie 'n bevredigende maatstaf wees van die inkomste wat deur 'n belegger op 'n belegging in 'n geassosieerde verdien word nie omdat die uitkerings wat ontvang word, weinig te make mag hê met die prestasie van die geassosieerde. In die besonder, waar die geassosieerde sonder winsoogmerk is, sal die beleggingsprestasie bepaal word deur faktore soos die koste van uitsette en algehele dienslewering. Omdat die belegger beduidende beheer oor die geassosieerde het, het die belegger 'n mate van verantwoordelikheid vir die geassosieerde se prestasie, en gevolglik vir die opbrengs op sy belegging. Die belegger bring hierdie hierdie rentmeesterskap in rekening deur die omvang van sy gekonsolideerde finansiële state uit te brei om sy deel van oorskotte of tekorte van so 'n geassosieerde in te sluit. As gevolg daarvan bied die toepassing van die ekwiteitsmetode meer insiggewende verslagdoening oor die netto bates en oorskot of tekort van die belegger.
- .23 *'n Belegger moet die gebruik van die ekwiteitsmetode staak vanaf die datum waarop hy ophou om beduidende beheer oor 'n geassosieerde te hê en moet die belegging vanaf gemelde datum in rekening bring in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente, mits die geassosieerde nie 'n beheerde entiteit of 'n gesamentlike onderneming word soos in die Standaard van AERP oor Belange in Gesamentlike Ondernemings omskryf word nie.*

- .24 Die drabedrag van die belegging op die datum waarop die entiteit ophou om 'n geassosieerde te wees, moet beskou word as die billike waarde by aanvanklike erkenning as 'n finansiële bate in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente.**
- .25 Talle van die prosedures wat vir die toepassing van die ekwiteitsmetode geskik is, is vergelykbaar met die konsolidasieprosedures soos uiteengesit in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*. Daarbenewens word die breë begrippe wat grondliggend is aan die konsolidasieprosedures wat in die verkryging van 'n beheerde entiteit gebruik word, by die verkryging van 'n belegging in 'n geassosieerde aanvaar.
- .26 'n Ekonomiese entiteit se aandeel in 'n geassosieerde is die totaal van die belange wat die beherende entiteit en sy beheerde entiteite in daardie geassosieerde het. Die belange van die ekonomiese entiteit se ander geassosieerdes of gesamentlike ondernemings word vir hierdie doel buite rekening gelaat. Wanneer 'n geassosieerde oor beheerde entiteite, geassosieerdes of gesamentlike ondernemings beskik, is die oorskotte of tekorte en netto bates wat by die toepassing van die ekwiteitsmetode in aanmerking geneem word dié wat in die geassosieerde se finansiële state erken word (met inbegrip van die geassosieerde se deel van die oorskotte of tekorte en netto bates van sy geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), ná enige aansuiwerings wat nodig mag wees om gevolg te gee aan eenvormige rekeningkundige beleide (kyk paragraaf .31 en .32).
- .27 Oorskotte en tekorte voortspruitend uit 'stroomopwaartse' en 'stroomafwaartse' transaksies tussen 'n belegger (met inbegrip van sy gekonsolideerde beheerde entiteite) en 'n geassosieerde word in die belegger se finansiële state erken slegs in die mate wat daar nieverwante beleggersbelange in die geassosieerde is. 'Stroomopwaartse' transaksies is byvoorbeeld verkope van bates van 'n onderneming aan die belegger. 'Stroomafwaartse' transaksies is byvoorbeeld verkope van bates van 'n belegger aan 'n geassosieerde. Die belegger se aandeel aan die geassosieerde se oorskotte en tekorte voortspruitend uit hierdie transaksies word uitgeskakel.
- .28 'n Belegging in 'n geassosieerde word met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring vanaf die datum waarop die instelling 'n geassosieerde geword het. Met verkryging van die belegging word enige verskil (hetsy positief of negatief) tussen die koste van die belegging en die belegger se deel van die netto billike waarde van die geassosieerde se identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike laste in rekening gebring in ooreenstemming met die Standard van AERP oor *Oordrag van Pligte tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*. Derhalwe:
- (a) word klandisiewaarde ten opsigte van 'n geassosieerde ingesluit in die drabedrag van die belegging. Amortisasie van daardie klandisiewaarde word egter nie toegelaat nie en word derhalwe nie ingesluit in die vasstelling van die belegger se aandeel van die geassosieerde se oorskotte of tekorte nie; en

- (b) enige oorskot van die belegger se aandeel van die netto billike waarde van die geassosieerde se identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike laste bo die koste van die belegging word uitgesluit uit die drabedrag van die belegging en word in plaas daarvan as inkomste ingesluit by die vasstelling van die belegger se aandeel van die geassosieerde se oorskot of tekort in die tydperk waarin die belegging verkry word.

Toepaslike aansuiwerings aan die belegger se aandeel van die oorskotte of tekorte ná verkryging word byvoorbeeld ook in rekening gebring vir waardevermindering van die afskryfbare bates, gegrond op hul billike waardes op die verkrygingsdatum. Insgelyks word toepaslike aansuiwerings aan die belegger se aandeel van die geassosieerde se oorskotte of tekorte ná verkryging gemaak vir waardedalingsverliese wat deur die geassosieerde erken word, soos vir klandisiewaarde of eiendom, aanleg en toerusting.

- .29 By die toepassing van die ekwiteitsmetode word die jongste beskikbare finansiële state van die geassosieerde deur die belegger gebruik. As die verslagdoeningsdatums van die belegger en die geassosieerde verskil, stel die geassosieerde vir die belegger se gebruik finansiële state op met ingang van dieselfde datum as die finansiële state van die belegger, tensy dit onprakties is om dit so te doen.**
- .30 As die finansiële state van 'n geassosieerde wat in ooreenstemming met paragraaf .29 by die toepassing van die ekwiteitsmetode gebruik word, met ingang van 'n ander verslagdoeningsdatum as dié van die belegger opgestel word, moet aansuiwerings gemaak word vir die uitwerking van wesenlike transaksies of gebeure wat tussen daardie datum en die datum van die belegger se finansiële state plaasvind. In elk geval moet die verskil tussen die verslagdoeningsdatum van die geassosieerde en dié van die belegger nie meer as drie maande wees nie. Die lengte van die verslagdoeningstydperke en enige verskil in die verslagdoeningsdatums moet van tydperk tot tydperk dieselfde wees.**
- .31 Die belegger se finansiële state moet opgestel word met gebruik van eenvormige rekeningkundige beleide vir soortgelyke transaksies en gebeurtenisse in vergelykbare omstandighede.**
- .32 Indien 'n geassosieerde vir soortgelyke transaksies en gebeure in vergelykbare omstandighede van ander rekeningkundige beleide gebruik maak as dié van die belegger, moet aansuiwerings gemaak word om die geassosieerde se rekeningkundige beleide aan te pas by dié van die belegger wanneer die geassosieerde se finansiële state deur die belegger by die toepassing van die ekwiteitsmetode gebruik word.**
- .33 Indien 'n geassosieerde uitstaande kumulatiewe voorkeuraandele het wat gehou word deur ander partye as die belegger en as netto bates geklassifiseer, bereken die belegger sy deel van oorskotte of uitgawes ná aansuiwering vir die dividende op sulke aandele, of die dividende verklaar is al dan nie.**

- .34 Indien 'n belegger se deel van tekorte van 'n geassosieerde gelyk is aan of meer is as sy belang in die geassosieerde, hou die belegger op om sy deel van verdere tekorte te erken. Die belang in 'n geassosieerde is die drabedrag van die belegging in die geassosieerde ooreenkomstig die ekwiteitsmetode, tesame met enige langtermynbelange wat in wese deel van die belegger se netto belegging in die geassosieerde uitmaak. 'n Item waarvoor nakoming byvoorbeeld nóg beplan is nóg onwaarskynlik in die afsienbare toekoms sal plaasvind, is in wese 'n uitbreiding van die entiteit se belegging in daardie geassosieerde. Sulke items kan voorkeuraandeel en langtermyndebiteure of lenings insluit, maar sluit nie handelsdebiteure, handelskrediteure of enige langtermyndebiteure in waarvoor daar toereikende aanvullende sekuriteit bestaan nie, soos gesekureerde lenings. Tekorte erken ingevolge die ekwiteitsmetode wat die belegger se belegging in gewone aandele oorskry, word in die omgekeerde volgorde van hul senioriteit op die ander komponente van die belegger se belang in 'n geassosieerde toegepas (d.w.s. prioriteit in likwidasië).
- .35 Nadat die belegger se belang tot nul verminder is, word vir bykomende tekorte voorsiening gemaak en word 'n las erken slegs in die mate waarin die belegger wetlike of konstruktiewe verpligtinge aangegaan het of betalings namens die geassosieerde gemaak het. As die geassosieerde daarna oorskotte rapporteer, hervat die belegger sy erkenning van sy aandeel aan daardie oorskotte eers wanneer sy deel van die oorskotte gelyk is aan die deel van die tekorte wat nie erken is nie.

Waardedalingsverliese

- .36 Na toepassing van die ekwiteitsmetode, met inbegrip van die erkenning van die geassosieerde se verliese in ooreenstemming met paragraaf .34, pas die belegger die vereistes van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* toe om vas te stel of dit nodig is om enige bykomende waardedalingsverlies ten opsigte van die belegger se netto belegging in die geassosieerde te erken.
- .37 Die belegger pas ook die vereistes van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* toe om vas te stel of enige bykomende waardedalingsverlies erken word ten opsigte van die belegger se belang in die geassosieerde wat nie deel van die netto belegging en die bedrag van daardie waardedalingsverlies uitmaak nie.
- .38 By vasstelling van die gebruikswaarde van 'n kontantgenererende belegging raam 'n entiteit:
- (a) sy aandeel van die bestaande waarde van die geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting deur die geassosieerde gegenereer sal word, met inbegrip van die kontantvloei uit die bedrywighede van die geassosieerde en die opbrengs uit die uiteindelijke vervreemding van die belegging; of
 - (b) die bestaande waarde van die geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit dividende op die belegging en uit die uiteindelijke vervreemding daarvan ontvang sal word.

Met toepaslike aannames lewer albei metodes dieselfde resultaat. Enige gevolglike waardedalingsverlies op die belegging word toegedeel in ooreenstemming met die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* en *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*.

- .39 By die bepaling van die gebruikswaarde van 'n niekontantgenererende belegging raam 'n entiteit die bestaande waarde van die oorblywende dienspotensiaal van die belegging met gebruik van die benaderings gespesifiseer in die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*.
- .40 Die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag van 'n belegging in 'n geassosieerde word vir elke geassosieerde geëvalueer, tensy die geassosieerde nie kontantinvloei of dienspotensiaal genereer uit voortdurende gebruik wat grootliks onafhanklik van dié van ander bates van die entiteit is nie.

Afsonderlike finansiële state

- .41 *'n Belegging in 'n geassosieerde moet in die belegger se afsonderlike finansiële state in ooreenstemming met paragraaf .59 tot .61 van die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State in rekening gebring word.*
- .42 Hierdie Standaard bepaal nie watter entiteite afsonderlike finansiële state moet opstel wat vir openbare gebruik beskikbaar is nie.

Openbaarmaking

- .43 *Die volgende moet openbaar gemaak word:*
 - (a) *die billike waarde van beleggings in geassosieerdes waarvoor daar gepubliseerde pryskwotasies bestaan;*
 - (b) *opgesomde finansiële inligting van geassosieerdes, met inbegrip van die totale bedrae van bates, laste, inkomste en oorskot of tekort;*
 - (c) *die redes waarom die veronderstelling dat 'n belegger nie beduidende beheer het nie, oorkom word as die belegger regstreeks of onregstreeks deur beheerde entiteite minder as 20 persent van die stembevoegdheid of potensiële stembevoegdheid van die beleggingnemer hou, maar van oordeel is dat hy oor beduidende beheer beskik;*
 - (d) *die redes waarom die veronderstelling dat 'n belegger wel beduidende beheer het, oorkom word as die belegger regstreeks of onregstreeks deur beheerde entiteite 20 persent of meer van die stembevoegdheid of potensiële stembevoegdheid van die beleggingnemer hou, maar van oordeel is dat hy nie oor beduidende beheer beskik nie;*
 - (e) *die verslagdoeningsdatum van die finansiële state van 'n geassosieerde waar sodanige finansiële state aangewend word om die ekwiteitsmetode toe te pas en met ingang is van 'n verslagdoeningsdatum of vir 'n tydperk wat van dié van die belegger verskil, en die rede vir die gebruik van 'n*

ander verslagdoeningsdatum of -tydperk;

- (f) die aard en omvang van enige beduidende beperkings (bv. wat voortspruit uit leningsooreenkomste of regulatoriese vereistes) op die vermoë van geassosieerdes om fondse na die belegger oor te dra in die vorm van kontantdividende, of terugbetaling van lenings of voorskotte;*
- (g) die nie-erkende deel van tekorte van 'n geassosieerde, vir die tydperk sowel as kumulatief, as 'n belegger die erkenning van sy deel van tekorte van 'n geassosieerde beëindig het;*
- (h) die geassosieerde se wetlike naam, land van inkorporasie (indien nie Suid-Afrika nie) en belangrikste aktiwiteite;*
- (i) die eienaarsbelang op sowel die geassosieerde as die belegger se verslagdoeningsdatums, indien dit verskil;*
- (j) deel van stembevoegdheid gehou in die geassosieerde, indien dit verskil van eienaarsbelang;*
- (k) die drabedrag van beleggings in geassosieerdes;*
- (l) die bedrag van enige belang in netto bates van die belegger wat deur die geassosieerde gehou word;*
- (m) die feit dat die geassosieerde se verslagdoeningsdatum vir die finansiële state verander het van dié wat in vorige jare gebruik is en die uitwerking van die verandering in die belegger se finansiële state, indien van toepassing;*
- (n) die wettige naam van enige entiteit wat in die afgelope jaar 'n geassosieerde geword het en die ooreenstemmende datum;*
- (o) die wettige naam van enige entiteit wat in die afgelope jaar opgehou het om 'n geassosieerde te wees en die ooreenstemmende datum;*
- (p) die feit dat 'n geassosieerde nie in rekening gebring met gebruik van die ekwiteitsmetode in ooreenstemming met paragraaf .21 word nie;*
- (q) 'n beskrywing van enige beleggings in geassosieerdes wat eksklusief vereis word met die oog op hul latere vervreemding, die beweegrede vir sodanige verkryging, asook 'n beskrywing van die beoogde vervreemding; en*
- (r) opgesomde finansiële inligting oor geassosieerdes, hetsy individueel of in groepe, wat nie met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring word nie, met inbegrip van die hoeveelhede totale bates, totale laste, inkomste en oorskot of tekort.*

.44 Die volgende inligting moet op die grondslag van totaalbedrae openbaar gemaak word:

- (a) bedrae toegewys vir toekomstige kapitaaluitgawes;*
- (b) die bedrag van aanspreeklikhede van geassosieerdes waarvoor die belegger gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is;*

- (c) *die bewegings in drawaarde (begin en einde van die tydperk), nuwe beleggings, vervreemdings, deel van totale inkomste en uitgawes, dividende en ander bewegings;*
 - (d) *die finansiële inligting oor gebeure of transaksies wat plaasgevind het ná die geassosieerde se verslagdoeningsdatum en wat die finansiële stand of bedryfsresultate van daardie geassosieerde wesenlik sou kon beïnvloed vir die daaropvolgende rekenpligtige tydperk; en*
 - (e) *indien aansuiwerings om die uitwerking van verskillende rekeningkundige beleide uit te skakel nie gemaak kan word nie, die aard van die verskille.*
- .45** *Beleggings in geassosieerdes wat met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring is, moet as nie-bedryfsbates geklassifiseer word en as 'n afsonderlike item in die verklaring van finansiële stand openbaar gemaak word. Die belegger se deel van die oorskotte of tekorte van sodanige beleggings moet as 'n afsonderlike item in die verklaring van finansiële prestasie openbaar gemaak word. Die belegger se deel van enige beëindigde bedrywighede moet ook afsonderlik openbaar gemaak word.*
- .46** *Die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State vereis ook dat die oorskotte of tekorte van geassosieerdes met gebruik van die ekwiteitsmetode van verantwoording in rekening gebring word en so in die staat van finansiële prestasie self aangebied word.*
- .47** *Die belegger se deel van veranderings wat regstreeks in die geassosieerde se netto bates in rekening gebring word, moet deur die belegger regstreeks in netto bates in rekening gebring word en moet openbaar gemaak word in die verklaring van veranderings in netto bates, soos deur die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State vereis word.*
- .48** *In ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates moet die belegger die volgende openbaar maak:*
- (a) *sy deel van die voorwaardelike laste van 'n geassosieerde wat in gesamentlik met ander beleggers aangegaan is;*
 - (b) *daardie voorwaardelike laste wat ontstaan omdat die belegger afsonderlik aanspreeklik is vir alle of deel van die laste van die geassosieerde; en*
 - (c) *sy deel van die voorwaardelike bates van 'n geassosieerde.*

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP

- .49** *Die oorgangsbepalings wat entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard moet toepas, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet saam met elke toepaslike lasgewing gelees word.*

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .50** *Paragraaf .17 is gewysig deur die Verbeterings aan Standaarde van AERP wat op 1 April 2012 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysiging vooruitwerkend toepas vir finansiële jaartydperke wat op of ná 1 April 2013 begin.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .51** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .52** *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van ander uitsprake

- .53** *Wanneer hierdie Standaard in werking tree vir finansiële jaarstate wat tydperke dek met ingang van of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word, sal dit die Standaard van Algemeen Aanvaarde Munisipale Rekeningkundige Praktyk (AAMRP) oor Rekeningkunde vir Beleggings in Geassosieerdes (April 2004) vervang.*

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor Accounting for Investments in Associates (Mei 2000)

Die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes* spruit hoofsaaklik voort uit die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates*. Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes* en die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* is soos volg:

- 'n Doelstellingsparagraaf is ingesluit in hierdie Standaard, terwyl die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* nie so een bevat nie.
- Die omvang van hierdie Standaard verskil van die een in die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* deurdat staatsakeondernemings anders omskryf word.
- AERP 7 sluit transaksiekoste by die aanvangskoste van 'n belegging in indien die ekwiteitsmetode gevolg word. IPSAS 7 swyg oor die hantering van transaksiekoste by beleggings in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings wat met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring word.
- Paragrafe ingesluit in die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* is na die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* oorgedra en is daarna uit hierdie Standaard geskrap, byvoorbeeld paragrafe wat die verduidelikende materiaal oor 'n "ekonomiese entiteit" en "toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal" gedek het.
- Die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* beskryf die reswaarde van totale bates ná aftrekking van totale laste as "netto bates/ekwiteit", terwyl hierdie Standaard na "netto bates" verwys.
- Hierdie Standaard het ooreenkomstig die verbeteringsprojek van die International Accounting Standards Board (IASB) veranderinge aan die International Accounting Standards aangebring. Dit sluit die vereiste in om die uitwerking te oorweeg van potensiële stemreg wat uitoefenbaar of omkeerbaar is wanneer die bestaan van beduidende beheer, verduideliking van die toepassing van die ekwiteitsmetode, uitskakeling van ongerealiseerde oorskotte of tekorte, nie-saamvallende jaareindes, eenvormige rekeningkundige beleide, die in rekening bring van waardedalingsverliese ten opsigte van die belegger se netto belegging in geassosieerdes en die erkenning van tekorte deur 'n belegger geëvalueer word.
- Hierdie Standaard vereis nie dat die ekwiteitsmetode toegepas word wanneer 'n geassosieerde verkry en gehou word uitsluitlik met die oog op vervreemding binne twaalf maande ná die verkryging daarvan nie. Hierdie Standaard vereis dat dit ekwiteitsverantwoord word en dat inligting oor sulke beleggings in die finansiële state openbaar gemaak word. Die International Public Sector Accounting Standard

oor *Accounting for Investments in Associates* vereis die gebruik van die kosprysmetode wanneer die belegging verkry en gehou word uitsluitlik met die oog op die vervreemding daarvan in die nabye toekoms.

- Die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* vereis dat 'n belegger die toepassing van die ekwiteitsmetode staak wanneer die geassosieerde onder ernstige langtermynbeperkings funksioneer wat die belegger se vermoë om fondse oor te dra of ander nie-finansiële voordele aan of namens die belegger te verskaf ernstig benadeel. Hierdie Standaard maak nie voorsiening vir sodanige vrystelling nie.
- Die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* spesifiseer die vereistes vir die in rekening bring van 'n belegging in 'n geassosieerde in die afsonderlike finansiële state van 'n belegger wat gekonsolideerde finansiële state uitgee, terwyl hierdie Standaard bepaal dat die vereistes in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* toegepas moet word.
- Hierdie Standaard bevat 'n bykomende aanwyser van die bestaan van beduidende beheer wat handel oor die belegger se betrokkenheid by besluite oor strategiese kwessies en wat oorgeneem is uit die ekwivalente Verenigde Koninkryk-standaard om opstellers van hulp te wees met die evaluering van feite en omstandighede ten opsigte van die belegging ten einde 'n duidelike aanduiding te verkry of die entiteit oor beduidende beheer beskik al dan nie.
- Aanduidings van wanneer 'n belegger nie in staat mag wees om beduidende beheer oor die bedryfs- en finansiële beleide van 'n beleggingnemer uit te oefen nie, is in hierdie Standaard om ingesluit opstellers van hulp te wees met die evaluering van feite en omstandighede ten opsigte van die belegging ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom oor die vraag of die entiteit oor beduidende beheer beskik al dan nie. Hierdie aanwysers is oorgeneem uit die ekwivalente standaard van die USA Governmental Accounting Standards Board.
- Hierdie Standaard bevat bykomende openbaarmakingsvereistes wat oorgeneem is uit die ekwivalente Nieu-Seelandse en Verenigde Koninkryk-standaarde om die gehalte van finansiële inligting oor beleggings in geassosieerdes in die belegger se eie finansiële state te verbeter.
- Oorgangsbepalings van toepassing op hierdie Standaard word voorgeskryf in lasgewings 2 tot 4 uitgereik deur die Raad, en is nie in die teks van die Standaard ingesluit nie.
- Terwyl die International Public Sector Accounting Standard oor *Accounting for Investments in Associates* nie duidelik aantoon watter entiteite afsonderlike finansiële state moet opstel nie, verwys hierdie Standaard wel na wetgewing wat aandui watter entiteite gekonsolideerde finansiële state moet opstel.
- Die bylaes met verduidelikende voorbeelde is uit hierdie Standaard geskrap.